



vrouelidmate@gmail.com

Aan elke vrouelidmaat van die NG Kerk Vrystaat

Ek was onlangs op 'n konferensie waar die rol van die vrou in die kerk bespreek is... toe ek besef dat die vrou in haar wese só deur GOD geskape is, het ek ons rol in die KERK soveel beter verstaan:

1. Die vrou is as 'n **HELPER (ELZER)** in haar diepste wese **geskape**, na aanleiding van Gen 2:18: "Verder het die Here God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke." Ons is as **HELPERS** geskape!
Daarom sal vroue in die gemeente altyd diegene wees wat graag help en doen.
2. Die vrou is geskape en sy is **EVA (Moeder)** genoem na aanleiding van Gen 3:20: "Die mens het sy vrou Eva genoem; sy was die moeder van al die mense." 'n Vrou is geskape om te versorg, om om te gee, om die **MOEDER** te wees van dié wie haar nodig het!
Daarom is ons as Vroue diegene in die gemeente wat versorg en omgee! Ons is so geskape!
3. God het die mens '**VROU**' genoem (**Ishah**), ons is sag geskape, as verhoudingswesens op mense gerig, maklik ontvanklik en daarom reageer ons as ons hart-en-ons-ma-wees-omgee-helper-siel, aangeraak word!

In die hedendaagse lewe kan vroue soms so baklei oor hul sogenaamde regte en 'n plek in die samelewing, eerder as om net te weet GOD het ons uniek geskape, met unieke eienskappe en DIT is wat ons moet uitleef!

(Wou dit sommer graag met julle deel!)

TOERUSTINGSKURSUS: 17 TOT 19 FEBRUARIE 2017 TE (AMANZI, BRANDFORT):

Aanwysings: <https://www.google.co.za/maps/place/Amanzi+Private+Game+Reserve>

Ons is so opgewonde oor hierdie naweek! Die kamp is amper vol bespreek, tot op datum is slegs ses plekke oop in die "koshuis"-gedeelte. Ons noem dit die koshuis-gedeelte, maar niemand slaap op stapelbeddens nie, daar is vier dames in 'n kamer en die geriewe is baie mooi.

Hoe werk die besprekings:

1. Alle besprekings het reeds op 1 Mei 2016 geopen.
2. Skakel **Marietjie by 076 113 9601** indien enige onduidelikheid oor 'n bespreking bestaan.
3. E-pos die besprekingsvorm na vrouelidmate@gmail.com
4. Doen die betaling – geen bespreking is bevestig sonder die betaling nie.
5. **Kansellaries ná 31 Desember 2016 (met ander woorde ses weke voor die tyd), word geen terugbetaling gedoen (kry iemand of 'n gemeente in jou plek).**
6. Gee asseblief hierdie skrywe aan elkeen in u gemeente wat bespreek het vir die kamp sodat almal ingelig kan wees.

Inligting vir die kampingangere:

Hierdie wildsplaas is iets besonder – weet dat jou siel gaan skoon word, dat AMANZI wat **water** beteken, 'n plek is waar jy VREDE gaan vind!

Voorsitter: Anso Steyn sel: +27 (0) 82 773 2612 e-pos: anssteyn@mweb.co.za

Faks: +27 (0) 86 649 9586 | E-pos: vrouelidmate@gmail.com



Bring die volgende saam:

Jou Bybel

Tee, koffie en ietsie te ete (as jy iets ekstra wil eet)

'n Kampstoel – sou jy nie op die gras op 'n kombes kan sit nie

Daar is 'n restaurant op die terrein met 'n winkel wat alle noodvoorraad aanhou.

Meeste kamers het lugversorgers en groot waaiers. Indien jy bang is dat jy warm gaan kry, bring jou eie waaiers saam.

Die program:

Die program is ook te sien op **Facebook: Vrouelidmate Vrystaat**, of op **NGK Skittervroue**.

Registrasie begin die Vrydag om 15:00 en die amptelike program om 17:00. Sondag sal ons teen 10:30 weer huis toe vertrek.

ANDER INLIGTING/NUUS:

1. Poppie-projek:

Gemeentes word versoek om Poppies by Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bloemfontein af te lewer. Skakel asseblief net eers vooraf met my (Anso by 082 773 2612), sodat ek kan weet wanneer daar Poppies beskikbaar is - moet asseblief nooit ophou om Poppies te brei nie.

2. Wêreldbiddag vir Vroue 3 Maart 2017:

Hierdie geleentheid word deur die vroue van die Filippyne opgestel, met die tema, *Was ek onregverdig teenoor jou?* Beplan asseblief nou reeds vir hierdie wonderlike geleentheid waar ons as vroue regoor die wêreld saam met 177 lande, kan saambid. Kom ons probeer om iets groots hiervan te maak in 2017. Bestel asseblief betyds die programme vanaf die kantoor van die Wêreldbiddag:

Sekretaresse – Joa van Aarde, tel 011 975 4598, e-pos wwdp@telkomsa.net vir meer besonderhede. Bestelvorms vir programme en inligting is ook op die webblad by <http://www.wwdp.co.za> beskikbaar.

3. NGK Skittervroue DV 7 en 8 September 2017:

'n Tweede Nasionale Vrouefees word vir 7 en 8 September 2017 in Bloemfontein beplan. Teken nou reeds hierdie datum op jou kalender aan. Verdere besonderhede sal later bekend gemaak word.

4. Facebook-blad:

Vrouelidmate word uitgenooi om vrouenuus met ons te deel sodat ons dit op ons Facebook-blad kan plaas. Stuur asseblief foto's van gebeurtenisse, ons wil dit graag met ander deel. Gaan kyk by **Vrouelidmate Vrystaat** en **NGK Skittervroue**.

5. Nuus van die Bybelgenootskap:

In 2015 is dit die eerste jaar waar daar meer as 34 miljoen volledige Bybels wêreldwyd versprei is. Die meeste in Brasilië met 7.6 miljoen en dan in China 3.5 miljoen! Wat 'n wonderlike gedagte dat meer as 34 miljoen mense 'n Bybel ontvang het!

Ek en jy is gemaak om "SPORE" te los, sing Elvis Blue... mag ons vroue se nalatenskap en ons voetspore dié wees van:

1. ELZER
2. EVA
3. ISHAH

... sodat ons reeds vandag 'n verskil in die samelewing kan maak!

Groete, tot 'n volgende keer...

Anso Steyn

Voorsitter - Vrouelidmate Vrystaat

Voorsitter: Anso Steyn sel: +27 (0) 82 773 2612 e-pos: anssteyn@mweb.co.za

Faks: + 27 (0) 86 649 9586 | E-pos: vrouelidmate@gmail.com

